**KORT UITEENSETTING VAN DIE REG TOT VERDEDIGING:**

**1 Inleiding:**

1.1 Met die aanbewindkoming van die nuwe regering in 1994 het daar ‘n besliste poging van regeringskant geblyk om blankes, en veral plaasboere, van hulle wapens te ontneem.

1.2 ‘n Voorbeeld is die nuwe Wapenbeheerwet wat dit so moeilik moontlik maak om vuurwapens te besit.

1.3 Daar moet byvoorbeeld bevoegdheidstoetse ondergaan word, en indien meer as ‘n sekere beperkte aantal vuurwapens besit word, moet spesiale vergunning verleen word kragtens sogenaamde toegewyde jagters-, sportskiet- en versamelaarskategorieë. Voorts het vuurwapenlisensies wat uitgereik is vir ‘n onbepaalde tyd, ook tydelik geword, en moet dit tans periodiek hernu word.

1.4 Dit is egter nie die doel van die huidige gesprek om die detail van die regte-inkorting met betrekking to die besit van vuurwapens te bespreek nie. Die doel is eerder om vuurwapeneienaars wat gebreinspoel is teen die gebruik van hulle vuurwapens in noodsituasies, aan te spreek.

1.5 Die rede waarom dit van belang is, is omdat ons almal al gehoor het van ‘n persoon wat sy vuurwapen aangewend het in noodweer of noodtoestand dan deur die polisie in hegtenis geneem is. Ons hoor tot vervelens toe van boere wat op hulle plase vermoor word sonder dat die boer ‘n skoot op die aanvallers geskiet het.

1.6 Ek vra myself die vraag af: hoe op aarde is dit in so baie gevalle moontlik? Dit is goed denkbaar dat sekere boere in die nag onverwags oorval word en nie sy vuurwapen byderhand het nie. Maar wat maak ‘n mens van die talle gevalle waar die slagoffer sy vuurwapen byderhand het, maar nie ‘n skoot op die aanvallers aftrek nie?

1.7 Ek glo dat dit minstens deels te make het met die breinspoeling waarna hierbo verwys is. Mense het te bang geword dat hulle in die moeilikheid met die gereg sal kom as hulle hulself verdedig.

1.8 En die prys wat ons betaal is in te hoog, en in baie gevalle is dit die uiterste prys. Ons almal is bewus van die statistieke.

1.9 Na my mening kan dit help om die situasie aan te spreek as mense weet wat hulle regte is.

## 2 Gevalle waar die reg toelaat dat geweld toegepas word (Regverdigingsgronde):

2.1 Daar is breedweg drie gevalle waar geweld wat gerig word teen ‘n aanvaller of misdadiger, deur die reg as straffeloos beskou word, deurdat dit beskou word dat dit geregverdigde optrede daarstel:

2.1.1 Noodweer;

2.1.2 Noodtoestand; en

2.1.3 Burgerlike arrestasie.

**(Die eerste twee kategorië word beheer deur die gemenereg, en die laaste deur die Strafproseswet, 51 van 1977 (soos gewysig))**.

### 2.2 Noodweer:

2.2.1 Waar jou eie lewe of dié van iemand anders in gevaar gestel word deur die bedreiging van ‘n aanvaller, is jy geregtig om die aanval af te weer, en desnoods die aanvaller te dood.

2.2.2 Maar wees versigtig: Die vraag of die verdediger geregtig was om te glo dat sy of iemand anders se lewe in gevaar verkeer het, is ‘n objektiewe vraag, wat beantwoord word met verwysing na al die feite en omstandighede van die gebeurtenis. Met ander woorde: die geloof van die verdediger dat daar ‘n onmiddellike bedreiging vir die lewe van homself of ‘n ander was, moet ondersteun word deur die objektiewe feite en omstandighede.

2.2.3 In baie gevalle sal die feite vir sigself spreek: die voorbeeld van die huisbewoner wat in die nag wakker word en opmerk dat daar iemand naby hom staan met ‘n vuurwapen op hom gerig. Of waar die aanvaller op die huisbewoner of sy mense skiet, of waar die aanvaller reeds skote afgevuur het. In sulke duidelike gevalle erken die reg dat van die onskuldige huisbewoner nie verwag kan word om niks te doen ten einde die gevaar af te weer nie.

2.2.4 Maar dan kry ‘n mens die grys areas. Die blote feit dat ‘n inbreker voor jou staan met ‘n mes of ‘n byl, terwyl jy in besit is van jou vuurwapen, mag vertolk word dat jy die aanvaller doelbewus moes verwond het, maar nie gedood het nie.

2.2.5 In alle gevalle waar daar nie ‘n duidelike aanduiding was dat die optrede van die aanvaller lewe bedreig het nie, sal dit nie geregverdig wees om hom te dood nie, maar wel, in sekere omstandighede, te verwond.

2.2.6 Dus: elke geval moet op sy eie meriete beoordeel word.

2.2.7 Die praktiese situasie: In die lig van huidige ondervinding, veral in die geval van plaasaanvalle, kan egter gesê word dat as iemand in jou huis inbreek in die nag, daar ‘n vermoede kan bestaan dat hy dit gedoen het om jou en die ander bewoners leed aan te doen. Dit kan dan tog immers nie verwag word

dat jy moet skiet om te verwond, terwyl jy nie weet of hy moontlik met ‘n outomatiese geweer bewapen is nie.

2.2.7.1 **In die geval hierbo genoem sal dit ‘n goeie idee wees as daar tyd is daarvoor om dit met veiligheid te doen, om die inbreker/aanvaller te waarsku dat jy gewapen is en sal skiet as hy nie jou opdragte gehoorsaam nie, soos om sy wapen neer te lê, of sy hande in die lug op te steek, of op die grond te gaan lê, of iets te doen wat jou in staat sal stel om beheer oor hom uit te oefen, en hy dit nie doen nie.**

2.2.7.2 In hierdie opsig was daar in die verlede gevalle in ons regspraak waar daar vereis was dat byvoorbeeld ‘n waarskuwingskoot geskiet moet word.

2.2.7.3 Ek is nie bewus daarvan of dit steeds vereis word nie, maar na my mening behoort dit egter nie meer as ‘n vereiste te geld nie, en sal ‘n waarskuwing voldoende wees.

2.2.7.4 So’n waarskuwing, as dit met veiligheid vir jouself en ander gedoen kan word, sal ook die voordeel inhou dat jy aan die hand van sy reaksies beter in staat sal wees om te oordeel wat die doel van sy teenwoordigheid is.

2.3 **Noodtoestand:**

2.3.1 Dit behels die regverdigingsgrond wat handel met optrede teen ‘n bedreiging teen **goed**, anders as teen **mense**.

2.3.2 In beginsel het elkeen die reg om sy eiendom of besittings te beskerm teen onwettige optrede, soos roof en diefstal.

2.3.3 In die reël sal doodslag in sulke gevalle nie as geregverdig beskou word nie. Indien jy die persoon sou dood, kan dit geag word dat jy die perke van noodtoestand oorskrei het, en kan jy aan moord of strafbare mansslag skuldig bevind word, waar die onwettige optrede nie ook ‘n lewensbedreiging ingesluit het nie.

2.3.4 Verwonding mag in sekere omstandighede toelaatbaar wees, soos wanneer jou motor geskaak word, ten einde te verhoed dat die rower met jou motor wegry. Daar kan denkbaar ander gevalle ook wees. Dit sal afhang van die feite van die saak, onder andere die waarde van die saak, die onvervangbaarheid daarvan ens.

2.4 **Arrestasies:**

2.4.1 Hierdie aspek word deur die Strafproseswet gedek.

2.4.2 Dit is belangrik om te weet dat ‘n privaat persoon iemand kan arresteer en geweld kan aanwend ten einde dit te doen in sekere omstandighede en onder sekere voorwaardes.

2.4.3 Die eerste voorwaarde is dat die arresteerder ‘n persoon moet wees wat daartoe ingevolge ‘n Wet gemagtig is.

2.4.4 Die Strafproseswet is juis so'n wet (daar is ook ander, wat nie hier tersake is nie), wat privaat persone magtig om arrestasies uit te voer.

2.4.5 **Art 42 van die Strafproseswet** bepaal dat 'n privaat persoon sonder 'n lasbrief iemand in hegtenis kan neem:

2.4.5.1 (a) wat 'n in **Bylae 1** bedoelde misdryf in sy teenwoordigheid pleeg of poog te pleeg of wat hy redelikerwys verdink dat hy so 'n misdryf gepleeg het;

2.4.5.2 (b) wat hy redelikerwys vermoed 'n misdryf gepleeg het en aan die vlug is van en onmiddellik agtervolg word deur iemand wat bedoelde private persoon redelikerwys meen die bevoegdheid besit om daardie persoon weens daardie misdryf in hegtenis te neem;

2.4.5.3 (c) wat hy kragtens 'n wet bevoeg is om ten opsigte van 'n in daardie wet bepaalde misdryf sonder lasbrief in hegtenis te neem;

2.4.5.4 (d) wat hy aan die baklei sien.

2.4.6 **Art 42 (2)** bepaal dat 'n privaat persoon wat iemand kragtens subartikel (1) (a) sonder lasbrief in hegtenis mag neem, daardie persoon onverwyld kan agtervolg, en 'n ander private persoon aan wie die doel van die agtervolging bekend gemaak is, kan daarby aansluit en hulp verleen.

2.4.7 **Art 42 (3)** bepaal dat die eienaar, wettige okkupant of persoon in beheer van eiendom waarop, of met betrekking waartoe, daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg, en iemand deur bedoelde eienaar, okkupant of persoon in beheer daartoe gemagtig, kan so iemand sonder lasbrief in hegtenis neem.

**2.5 Sodra dit vasstaan dat die privaat persoon gemagtig is om iemand te arresteer sonder 'n lasbrief, is die vraag of die arresteerder geweld mag aanwend ten einde die arrestasie uit te voer.**

2.5.1 **Artikel 49 (1)** van die Strafproseswet bepaal dat indien die privaat persoon of sy helpers, poog om so 'n persoon in hegtenis te neem en so 'n persoon-

(a) hom teen die poging verset en nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie; of

(b) vlug wanneer dit duidelik is dat 'n poging gedoen word om hom in hegtenis te neem, of hom teen die poging verset en vlug,

kan die aldus gemagtigde persoon en sy helpers, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die **geweld** aanwend **wat in die omstandighede redelikerwys nodig is om die verset te bowe te kom of om die betrokke persoon te verhinder om te vlug.**

2.5.2 **Artikel 49 (2)** bepaal dat indien die privaat persoon of sy helpers 'n persoon wil arresteer waar die persoon 'n in Bylae 1 bedoelde misdryf gepleeg het of daarvan redelikerwys verdink word so 'n misdryf te gepleeg het, hom nie op 'n ander wyse in hegtenis kan neem of kan verhinder om te vlug as deur hom te dood nie, word die doding geag **straffelose doodslag** te wees.

3 **Bylae 1** van die Strafproseswet spesifiseer die volgende misdade:

Hoogverraad.
Sedisie.
Openbare geweld.
Moord.
Strafbare Manslag.
Verkragting.
Onsedelike aanranding.
Sodomie.*
Bestialiteit.
Roof.
Menseroof.
Kinderdiefstal.
Aanranding, wanneer 'n gevaarlike wond toegedien word.
Brandstigting.
Opsetlike saakbeskadiging.
Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Diefstal, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling.
Ontvangs van gesteelde goed wetende dat dit gesteel is.
Bedrog.
Vervalsing of uitgifte van 'n vervalste stuk wetende dat dit vervals is.
Misdrywe betreffende die munt van geld.
'n Oortreding, behalwe die oortreding van ontsnapping uit wettige bewaring in ander omstandighede as die omstandighede onmiddellik hieronder genoem, waarvoor gevangenisstraf vir 'n langer tydperk as ses maande sonder die keuse van 'n boete opgelê kan word.
Ontsnapping uit wettige bewaring, waar die betrokke persoon in sodanige bewaring is ten opsigte van 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf of in sodanige bewaring is ten opsigte van die misdryf van ontsnapping uit wettige bewaring.
'n Sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.
Openbare geweld.
Brandstigting.
Moord.
Menseroof.
Kinderdiefstal.
Roof.
Huisbraak, hetsy ingevolge die gemene reg of 'n statutêre bepaling, met die opset om 'n misdryf te pleeg.
Oortreding van die bepalings van artikel 1 en 1A van die Wet op Intimidasie, 1982 (Wet 72 van 1982).
'n Sameswering, uitlokking of poging om enigeen van bogenoemde misdrywe te pleeg.
Hoogverraad.

4 Hierdie bepalings is van groot belang vir die boeregemeenskap.

5 Te dikwels hoor ‘n mens daarvan dat die oortreders opgemerk word en dat die agtervolgers glo hulle moert vir die Polisie wag om die arrestasies uit te voer, en die Polisie daag net nie op nie.

6 Daar is weer eens die vraag ter sprake of die vlugtende persoon gewaarsku moet word dat jy gawapen is en dat jy sal skiet as hy nie stilstaan nie. In hierdie gevalle glo ek sal dit noodsaaklik wees om so’n waarskuwing te gee alvorens jy skiet.

**7 Hier is die boodskap nou duidelik: kragtens Artikels 42 en 48 is jy geregtig om as privaat persoon so’n voortvlugtende te arresteer en hom selfs te dood.**

**8 Die bewyslas:**

8.1 In alle gevalle van strafregtelike vervolging rus die bewyslas op die Staat om skuld by die beskuldigde bo redelike twyfel te bewys.

8.2 In die geval van noodtoestand en burgerlike arrestasies is dit steeds so, maar indien die feite dit nie aantoon nie, sal die beskuldigde self waarskynlik moet getuig oor die omstandighede, om aan te toon dat sy optrede binne die perke van noodtoestand of die bepalings van die tersaaklike bepalings en vereistes van die Strafproseswet geval het.

8.3 In die geval van noodweer is die gesag duidelik: die bewyslas rus op die Staat om bo redelike twyfel te bewys dat die beskuldigde wat hom op die verweer beroep, nie in noodweer opgetree het nie of die perke van noodweer oorskrei het.

**Sien: S v TEIXEIRA 1980 (3) SA 755 (A)** Wessels JA, Joubert JA and Galgut AJA. Per WESSELS JA at 756 I:

> "*Wherever a question of self-defence is raised, or is suggested by evidence, the onus remains on the State to prove beyond a reasonable doubt that an accused acted unlawfully, and that he realised or ought reasonably to have realised that he was exceeding the bounds of self defence*."